

HOOFSTUK TWEE

VERGELYKING VAN SKOOLKALENDERS VAN WERLDE
IN DIE SUIDELIKE EN NOORDELIKE HALFROND
EN ANDER PROVINSIES VAN SUID - AFRIKA
MET DIE VAN TRANSVAAL

1. INLEIDING

Die historiese agtergrond en die ontstaan en ontwikkeling van die Transvaalse skoolkalender is in die vorige hoofstuk breedvoerig bespreek. Gaandeweg het die skoolrooster ontwikkel sodat dit later 'n vaste patroon aangeneem het van 'n vierkwartaalstelsel. Die vakansie-tydperke het ook dienooreenkomstig ontwikkel sodat die skoolkalender met sy vier kwartale en min of meer vaste vakansietye gaandeweg tradisioneel in Transvaal geword het.

In hierdie hoofstuk word die Transvaalse skoolkalender vervolgens vergelyk met skoolkalenders van verwante Westerse lande en lande geleë in die Suidelike- en Noordelike halfronde; sowel as met die van ander provinsies van die Republiek van Suid-Afrika.

2. VERSLAG VAN ONDERSOEK NA DIE WENSLIKHEID VAN 'N DRIE - TERMYN- OF 'N TWEE - SEMESTERSKOOLOKALENDER - ONDERWYSBURE, TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Op 18 Mei 1954 het die Transvaalse Onderwysdepartement die volgende opdrag aan sy Onderwysbure uitgereik:

"Daar is in die verlede al heelwat rondgeval in verband met die verdeling van die skooljaar in skoolkwartale. Sommige is voorstanders van vier kwartale en ander weer van drie. Vir die afgelope twee jaar weer het die skole vroeër in Januarie begin as wat tans die geval is. By sommige het die terugkeer na die ou reëling byval gevind terwyl ander weer nulle teleurstelling daarvoor uitgespreek het.

Met die oog hierop word u Buro dus nou vriendelik versoek om die hele aangeleentheid deeglik te ondersoek en 'n verslag uit te bring." 1)

Om uitvoering aan die opdrag te gee, is ook besonderhede van skoolkalenders van verwante Westerse lande deur die Onderwysburo versamel.

1. Verslag van ondersoek na die Wenslikheid van 'n Drietermyn- of 'n twee-semester skoolkalender. Onderwysburo Nr. 21, 1.

TABEL 9

2. BESONDERHEDE INSAKE SKOOLKALENDERS VAN VERWANTE WESTERSE LANDE (GETABULEER):- 2)

Land	Aantal Termyne of Semesters	Lengte van { Termyne Semesters en Vakansies	Benaderde datums	Bron van Inligting.
Engeland	3	1ste 14 weke - Kersvakansie, 3 weke 2de 13 weke - Paasvakansie, 3 weke 3de 13 weke - Somervakansie, 6 weke	15 Sept. - 20 Des. 10 Jan. - 10 Apr. 2 Mei - 31 Jul.	<u>Teachers World</u> 26.8.53, p.3
V.S.A.	2	1ste 16 weke - Kersvakansie, 2 weke 2de 22 weke - Somervakansie, 12 weke	1 Sept. - 23 Des. 7 Jan. - 10 Jun.	Amerikaanse Embassade, Pretoria
Nieu-Seeland	3	1ste 13 weke - Vakansie, 2 weke 2de 13 weke - W. vakansie, 2 weke 3de 14 weke - Somervakansie, 7 weke	6 Febr. - 5 Mei 21 Mei - 24 Aug. 8 Sept. - 16 Des.	<u>Childhood Education</u> Sept. 53, p.23
Australeë (Oostelike Deel)	3	1ste 15 weke - Vakansie, 11 dae 2de 14 weke - Vakansie, 18 dae 3de 14 weke - Somervakansie, 6½ weke	1 Febr. - 12 Mei 24 Mei - 25 Aug. 13 Sept. - 15 Des.	Education
Australië (Westelike Deel)	3	1ste 14 weke - Vakansie 11 dae 2de 14 weke - Vakansie 18 dae 3de 14 weke - Somervakansie 7½ weke	8 Febr. - 12 Mei 24 Mei - 25 Aug. 13 Sept. - 15 Des.	<u>Gazette</u> 1.6.54 p.118
Kanada	2	1ste 17 weke - Vakansie 2 weke 2de 24 weke - Somervakansie 10 weke	1 Sept. - 22 Des. 5 Jan. - 28 Jun.	<u>Ontarioverslag</u> p.173

/Frankryk

TABEL 9 (vervolg)

Land	Aantal Termyne of Semesters	Lengte van (Termyne Semester en Vakansies)	Benaderde datums	Bron van Inligting.
Frankryk	3	1ste 14 weke - Vakansie 2 weke 2de 10 weke - Somervakansie 11 weke 3de 13 weke - Wintervakansie 10 weke dae	2 Jan. - 10 Apr. 25 Apr. - 30 Jun. 18 Sept. - 22 Des.	<u>Yearbook of Education, 1953</u>
België	3	1ste 14 weke - Vakansie 2 weke 2de 13 weke - Vakansie 2 weke 3de 12 weke - Somervakansie 9 weke	15 Sept. - 23 Des. 7 Jan. - 8 Apr. 22 Apr. - 10 Jun.	<u>Ibidem</u>
Skotland	3	1ste 14 weke - Vakansie 10 dae 2de 14 weke - Vakansie 10 dae 3de 12 weke - Somervakansie 9 weke	15 Sept. - 23 Des. 4 Jan. - 10 Apr. 21 Apr. - 10 Jul.	<u>Ibidem</u>
Nederland	3 of 5	1ste 15 weke - Vakansie 10 dae 2de 7 weke - Vakansie 5 dae 3de 8 weke - Somervakansie 4 weke 4de 8 weke - Vakansie 5 dae 5de 7 weke - Vakansie 2 weke	3 Jan. - 4 Apr. 14 Apr. - 30 Mei 4 Jun. - 21 Jul. 28 Aug. - 26 Okt. 2 Nov. - 23 Des.	<u>Het Onderwys in Nederland, 1948</u>

2. Verslag nr. 21 van Onderwysburo, a.w., 2,3.

Die Onderwysburo kom as gevolg van die gegewens tot die volgende gevolgtrekkings:

1. „Tussen sy stam en verwante lande staan Suid-Afrika heeltemal alleen met 'n vier-kwartaal-kalender. Nederland is die enigste ander verwante land waar, weens openbare en kerklike feesdae die eintlike drie termyne in sommige lokaliteite vanself opbreek in vyf termyne. Al die ander verwante lande het hoogstens drie skooltermyne.
2. Selfs klimaties verwante lande soos Australië en Nieu-Seeland het drie termyne.
3. Die Suid-Afrikaanse klimaat hou geen motivering in vir vier kwartale nie - trouens twee of drie taaklike lang vakansies sou die bewoners van verskillende klimaatstroeke 'n wyer reuse bied vir die jaarlikse vakansiereis. Dit sou hulle dan ten goede kom.
4. Die Nederlandse stelsel het klaarblyklik sy invloed op die S.A. indeling gehad, maar in daardie land is 'n ekstra vakansietydperk in die hartjie van die kwaaie winter ingestel omdat kinders beswaarlik tydens sneeustorms die skool kan besoek en om brandstof vir die administrasie te bespaar.“³⁾

3. DIE ORGANISASIE VAN DIE SKOOLJAAR IN ANDER LANDE

In die loop van 1959 het die Sekretariaat van Unesco 'n opname gemaak van die lengte en organisasie van die akademiese jaar in ander lande.⁴⁾ As rede vir die opname word aangevoer dat daar in die jongste tyd baie belang oor die hele wêreld in die saak gestel word.

'n Vraelys wat uit sewe afdelings bestaan, is uitgestuur aan 81 ledestate van Unesco waarop slegs 52 lande gereageer het. Op navrae in verband met die lengte van die skooljaar het 49 lande die gevraagde gegewens verskaf oor primêreskole, terwyl 47 lande oor die lengte van die skooljaar vir hoërskole gerapporteer het. Die gegewens is soos volg:⁵⁾

3. Verslag nr. 21 van die Onderwysburo, a.w., 4 en 5.

4. Unesco: Educational Studies and Documents No. 43: The Organization of the School Year.

5. Ibid., 5.

	<u>Primêreskole</u>	<u>Hoërskole</u>
Minder as 100 skooldae :	7 lande	7 lande
100 - 209 skooldae :	17 lande	19 lande
210 - 239 skooldae :	20 lande	18 lande
240 en meer skooldae :	5 lande	3 lande

Die meerderheid van die lande wat die opgawes verstrek het, verkies dus 'n taamlike lang skooljaar wat vanaf 100 tot 239 skooldae wissel. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die lengte van die skooldag ook heelwat verskil. Volgens die opgawes volg primêre- en sekondêreskole in dieselfde land nie noodwendig dieselfde termynstelsel nie. In die primêreskole is dit soms 'n twee-termynstelsel, terwyl 'n drie-termynstelsel in die sekondêreskole gevolg word en omgekeerd. Meer gegewens oor die skooljaar van 18 lande is uit die verslag van Unesco geneem en word as bylaag 1 ingevoeg. Die verdeling van die skooljaar van die 18 lande in bylaag 1 is soos volg:

1 termyn :	2 lande
2 termyne :	7 lande
3 termyne :	6 lande
4 termyne :	0 lande
5 termyne :	1 land.

a. DIE SUIDENIKE HALFROND

Uit gegewens in bylaag 1 vervat, blyk dit dat Australië die drie-termynstelsel in sy skole toepas. Die skole begin laat in Januarie of begin Februarie met 'n vakansie van ongeveer tien dae gedurende die helfte van Mei. Die tweede termyn eindig dan teen die einde van Augustus met 'n vakansietydperk van ongeveer tien tot vyftien dae en die derde termyn eindig teen die helfte van Desember. Op die wyse bestaan die skooljaar uit ongeveer 214 skooldae of 42 weke met die somervakansie aan die einde van die jaar as die langste, d.w.s. ongeveer ses weke.

In Suid-Australië het die skoolkalender vir 1960 baie ooreengekom met die gegewens in die tabel verstrek. Opvallend is die feit dat daar 'n streekindeling gemaak word sodat skole noord van 'n bepaalde lyn se vakansies verskil van die van skole suid van die lyn. Dit dui daarop dat daar 'n netwat gedifferensieerde kalender is vir bepaalde gebiede, waarskynlik gebaseer op klimaatsonstandighede.

„School Terms: 9th February to 12th May
 24th May to 6th September
 20th September to 15th December

School Vacations: 1st Term: 13th to 23rd May
 2nd Term: 9th to 19th September
 3rd Term: Schools close on 15th Dec.

Vacations - Special Areas

The Hon. the Minister of Education has approved of the Xmas Vacation being of seven weeks and four days duration (E.D. Regulation XIV/2(a)) in the case of schools described in the following way:

1. North of a straight line drawn through Elliston and terminating on the East of Rudall and North of a line drawn due east from Rudall, to the eastern boundary of the Hundred of Mann.
2. North of a line drawn east and west through Blinman.
3. On the Transcontinental line, beyond Port Augusta.
4. On the Broken Hill railway line, beyond and including Yunta.
5. Outlying stations and schools, other than the above, specially approved by the Minister." 6)

Die drie-termynstelsel word deur Argentinië en Ceylon toegepas. In die geval van eersgenoemde is daar 'n lang somervakansie gedurende Januarie en Februarie en 'n kort wintervakansie van slegs een week gedurende Julie, terwyl daar in die geval van laasgenoemde 'n meer eweredige verspreiding van vakansies is, nl. gedurende April en Augustus en slegs ongeveer twee weke aan die einde van die jaar.

Brasilië, Bolivië, Chili en Peru volg 'n twee-termynstelsel met 'n aantal skooldae per jaar wat vanaf 160 tot 270 wissel. Brasilië verkies sy somervakansie gedurende die maande Desember tot Februarie en sy wintervakansie gedurende die hele maand Julie, terwyl Bolivië voorkeur aan die maande November tot Januarie vir die somervakansie gee en drie weke gedurende Junie en Julie as wintervakansie. Chili en Peru verkies 'n wintervakansie van slegs twee weke gedurende die helfte van die jaar en ook 'n lang somervakansie gedurende die maande Januarie en Februarie, en selfs tot in April in die geval van Peru.

In die geval van Uruguay is daar geen afbakening van die skooljaar in termyne nie, maar die somervakansie strek vanaf 16 Desember tot 15 Maart en die wintervakansie duur vanaf begin Julie tot selfs die helfte van Augustus.

Samevattend moet ons dus konstateer dat geeneen van die lande in die Suidelike halfrond volgens die verslag 'n stelsel van vier kwartale toepas nie. Drie- en twee-termynstelsels geniet voorkeur met 'n lang somervakansie aan die einde van die skooljaar wat vanaf ses tot selfs vyftien weke wissel. Slegs Ceylon verkies 'n kort vakansie aan die einde van die jaar met twee langer vakansies gedurende die jaar. Die wintervakansie is slegs in een geval vier weke lank en origens wissel dit van een tot drie weke. Geen besondere noemenswaardige voorsiening word gedurende die kouer maande vir die skoolvakansies gemaak nie. Kort rusperiodes as gevolg van vakansiedae ens. word in sommige gevalle wel opgemerk tydens termyne.

Die einde van die skooljaar wissel vanaf 31 Oktober tot 24 Desember en eindig dus altyd teen die einde van die jaar met die aanreuk van die lang somervakansie. Opvallend ook is die feit dat hierdie datum in 'n paar gevalle slegs 'n dag of twee voor Kersfees is.

b. DIE NOORDELIKE HALFROND

In die Verenigde State van Amerika is die lengte van die skooljaar ongeveer 180 skooldae.

„The same circumstances that stimulated the development of effective compulsory attendance laws were also conducive to a gradual extension of the school year which was extended from an average of 144.6 days in 1900 to an average of 178 days in 1949-1950.” 7)

Die skooldag word soos volg omskryf:

„School days are few and short. In most good communities schools are open for 180 days each year. A few provide education in the summer months and so hold school for about 250 days. The length of the school day is usually but three hours in the kindergarden and not over six hours in the elementary and secondary school.” 8)

7. Randol: American Education in the Twentieth Century, 25.

8. Miller and Spalding: The Public Administration of American Schools, 69.

Volgens gegewens verskaf deur 'n Suid-Afrikaanse gesin wat gedurende 1960 in Madison, Wisconsin, woonagtig was en wie se kinders die „Sherwood Hills Primary School" bygewoon het, wissel die skoolkalender in die gebied selfs van dorp tot dorp en van staat tot staat. Opvende skool se kalender vir die skooljaar 1960-1961 was soos volg:

- 1e Termyn: Heropen 6 September - Sluit 17 Desember 1960
- 2e Termyn: Heropen 3 Januarie - Sluit 31 Maart 1961
- 3e Termyn: Heropen 10 April - Sluit 9 Junie 1961. 9)

Uit gegewens verstrekk in bylaag 1 waar besonderhede verskaf is t.o.v. tien lande in die Noordelike halfrond kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

In die Verenigde State van Amerika word die skooljaar ingedeel in twee- sowel as drie-termyne. Die lengte daarvan is dieselfde en die lang somervakansie van ongeveer tien weke wat aan die begin van Junie 'n aanvang neem, sluit die skooljaar af.

Slegs Nederland volg 'n stelsel van vyf termyne met ongeveer 'n maand vakansie aan die einde van Julie sodat die nuwe skooljaar weer begin September 'n aanvang neem. Die kwartale word origns deur kort vakansies of rustydperke gevolg.

Daar is vyf lande wat die drie-termynstelsel volg. Leerlinge in Frankryk, Oostenryk en die Verenigde Koninkryk geniet ongeveer twee weke vakansie gedurende Kersfees en ongeveer agt weke gedurende die somertydperk, nl. begin Julie tot ongeveer aan die begin van September.

Italië en Spanje se skoolroosters kom byna sprekend ooreen. Gedurende Kersfees is daar twee weke vakansie en slegs 'n paar dae tydens Paastyd, terwyl die somervakansie vanaf begin Junie tot aan die einde van September strek.

Duitsland en Griekeland volg 'n stelsel van twee-termyne. Die Kersvakansie is in albei gevalle slegs ongeveer twee weke, terwyl die somervakansie in oorspronklike geval ongeveer drie weke en nege weke in die geval van laasgenoemde is.

9. Skoolkalender: Sherwood Hills Primary School, Madison
V.S.A.

In Denemarke word die skooljaar as een termyn beskou maar tog is daar verskillende vakansies wat in die praktyk beteken dat die jaar tog in termyne verdeel word.

Samevattend kan ons stel dat die meeste lande in die Noordelike halfrond se skooljaar aan die einde van Junie of begin van Julie eindig. Gedurende die somervakansie is dit natuurlik dan ook die warmste tydperk van die jaar. Die Kersvakansie is in al die gevalle maar kort sodat aangeneem moet word dat die strawwe winter geen noemenswaardige invloed uitoefen op die indeling van die skoolkalender nie. Die feesgetye skyn 'n groter faktor te wees met die indeling van die skoolkalender.

Opvallend ook is die feit dat die skooljaar ten einde loop teen ongeveer die helfte van die kalenderjaar. Hierna volg die lang somervakansie. Klimaatstoestande word dus deeglik in ag geneem en dit wil voorkom asof die wintermaande geskikter vir studiedoelendes beskou word as die somermaande, vandaar die lang somer- en die kort wintervakansies.

4. VERGELYKING VAN DIE TRANSVAALSE SKOOLKALENDER MET DIE VAN ANDER PROVINSIES VAN SUID - AFRIKA

In die voorafgaande paragraaf is die Transvaalse skoolkalender vergelyk met die van lande in die Noordelike- en Suidelike halfronde geleë. In hierdie paragraaf word 'n vergelyking tussen die kalenders van die ander provinsies en Transvaal gedurende die jare 1959 en 1960 getref. Kalenders van hierdie twee jare is tiperend van die tradisionele kalenders van die onderskeie provinsies voordat die radikale veranderinge in die kalenders van Transvaal, Kaapland en die Vrystaat aangebring is. Hierdie veranderinge word breedvoerig in hoofstuk vier behandel.

Dit is onseker in hoeverre daar oorlegpleging was tussen die owerhede van die onderskeie provinsies met die opstel van die skoolkalenders waarvan die besonderhede in die volgende tabel verskaf word.

TABEL 10

SKOOLKALENDERS VAN DIE PROVINSIES VAN SUID -
AFRIKA 1959 - 1960

10)

	1e Kw.		2e Kw.		3e Kw.		4e Kw.	
	Open	Sluit	Open	Sluit	Open	Sluit	Open	Sluit
1959:								
Kaapland	21/1	25/3	7/4	19/6	14/7	25/9	5/10	11/12
Natal	20/1	25/3	8/4	26/6	21/7	25/9	6/10	4/12
O.V.S.	21/1	25/3	8/4	26/6	29/7	30/9	7/10	11/12
Transvaal	12/1	25/3	7/4	20/6	28/7	25/9	6/10	4/12
1960:								
Kaapland	25/1	31/3	11/4	24/6	18/7	30/9	11/10	9/12
Natal	2/2	13/4	25/4	1/7	26/7	30/9	11/10	9/12
O.V.S.	20/1	5/4	20/4	30/6	27/7	28/9	5/10	9/12
Transvaal	11/1	25/3	7/4	1/7	2/8	23/9	4/10	9/12

a. KALENDERS VAN 1959

Uit besonderede in tabel 10 verskaf is die volgende punte van ooreenkoms en verskille opvallend:

1. Transvaalse skole het ongeveer 'n week vroeër in Januarie begin as die skole in die ander provinsies, terwyl die sluitingsdatum vir die eerste kwartaal presies dieselfde was. Transvaalse skole se eerste kwartaal was dus ongeveer 'n week langer as die van die skole in ander provinsies.
2. Die begindatums vir die tweede kwartaal was ook min of meer dieselfde maar Kaaplandse skole het 'n week vroeër gesluit as die van die ander provinsies.
3. Die wintervakansie vir Kaaplandse skole het slegs ongeveer drie weke geduur. Die begindatum in Kaapland vir die derde kwartaal was ongeveer een week voor dié van Natal en twee weke voor dié van skole in die O.V.S. en Transvaal terwyl die sluitingsdatum dieselfde was behalwe dié van die Vrystaat wat 'n week later gesluit het. Die voorafgaande wintervakansie in Natal het 24 dae geduur, terwyl die lengte daarvan in die O.V.S. en Transvaal, 32 en 31 dae respektieflik was.

4. In die vierde kwartaal was daar slegs 'n dag of twee verskil in die begindatums, terwyl Natal- en Transvaalse skole 'n week voor die ander twee gesluit het. Die voorafgaande kort vakansie was in drie van die provinsies ewe lank, behalwe in die geval van die Vrystaat waar die vakansie slegs ses dae geduur het.

b. KALENDERS VAN 1960

In die kalenders van die verskillende provinsies is daar baie meer verskille te bespeur as wat dit in die vorige jaar die geval was.

1. Transvaalse skole het weer eens die eerste heropen, en wel op 11 Januarie. Hierna het O.V.S., Kaapland en Natal gevolg, met ongeveer 'n week verskil in die begindatums. Voorts verskil die sluitingsdatums ongeveer 'n week in Transvaal, Kaapland, O.V.S. en Natal respektiewelik. Die lengte van die eerste kwartaal het nie baie verskil nie maar Natalse skole het 'n somervakansie gehad wat meer as sewe weke geduur het.

2. Die duur van die Aprilvakansie was ongeveer ewe lank, behalwe in die geval van die O.V.S. waar die lengte daarvan twee weke was. Hierdie verlenging is waarskynlik gedoen ten koste van die Oktobervakansie. Weer eens het Transvaalse skole eerste heropen, nl. op 7 April, gevolg deur Kaapland op 11 April, O.V.S. op 20 April en Natal op 25 April. Die sluitingsdatums vir die tweede kwartaal was min of meer dieselfde behalwe vir Kaapland, wat 'n week vroeër gesluit het.

3. In die derde kwartaal het Kaapland dan ook eerste begin, gevolg deur Natal en O.V.S. met slegs 'n dag verskil en toe Transvaal byna 'n week later. Die kwartaal was egter baie kort vir Transvaalse skole wat eerste gesluit het net die ander drie provinsies se sluitingsdatums byna 'n week later. Die voorafgaande wintervakansie was weereens die kortste vir Kaapland, dan volg Natal, O.V.S. en eindelijk Transvaal. Vandaar dan ook die baie kort derde kwartaal vir Transvaal.

Weer eens was die duur van die Oktobervakansie vir O.V.S. slegs ses dae, terwyl dit vir skole in ander provinsies ongeveer tien dae was. Die Transvaalse en Oranje-

Vrystaatse skole het 'n week voor die ander provinsies heropen en die sluitingsdatum vir almal was dieselfde, nl. 9 Desember.

c. SAMEVATTING

In Kaapland vind die langer somervakansie byval, terwyl daar natuurlik ook van die korter wintervakansie gehou word. Dit beteken dus dat Kaapland verkies om in die warm tydperk van die jaar 'n langer vakansie te geniet as gedurende die wintermaande. Die waarde van studie gedurende die wintermaande word wel deeglik besef.

In Transvaal daarenteen, is die somervakansie 'n week korter en die wintervakansie weer 'n week langer as wat dit die geval in Kaapland is.

Natallers weer, hou van 'n besonder lang somervakansie, terwyl die wintervakansie van gemiddelde lengte is. In die Vrystaat het die effens langer Aprilvakansie in 1959 waarskynlik byval gevind want in die volgende jaar is die Aprilvakansie met nog 'n paar dae verleng ten koste van die Oktobervakansie. Hulle somervakansie is ook 'n week langer as die van Transvaal.

In 1960 was daar veral heelwat verskil in die begin- en sluitingsdatums van skole in die verskillende provinsies wat dus 'n differensiasie in die skoolkalenders beteken.

9. GEVOLGTREKKING

Met die vergelyking van die Transvaalse skoolkalender met die van lande in die Noordelike- en Suidelike halfronde en die van die ander provinsies in Suid-Afrika, kom ons tot die volgende gevolgtrekkings:

Die lengte van ons skooljaar en die duur van die skooldag vergelyk heeltemal gunstig met die van ander lande. 'n Aantal lande se skooljaar duur egter van 210 tot 239 dae en in sommige van die lande is die skooldag selfs korter as wat dit die geval by ons in Transvaal is.

Die twee- en drie-termynstelsels is die algemeenste by die lande wat die vraeclys van Unesco beantwoord het, terwyl die een-, vier- of vyf-termynstelsels minder gewild

is. Slegs enkele lande maak van 'n kwartaalstelsel gebruik. Volgens die opgawes wat in bylaag 1 verstrekk word, blyk dit dat nie een van die lande die kwartaalstelsel toepas nie.

In Suid-Australië is 'n gedifferensieerde kalender in swang, terwyl kalenders ook in die V.S.A. selfs van dorp tot dorp verskil. In Suid-Afrika is die verskille in die kalenders van die verskillende provinsies sodanig dat dit ook as gedifferensieerde kalenders beskou kan word.

Aangesien byna alle lande in die Suidelike halfrond 'n twee- of drie-termynstelsel volg, is daar in die reël geen vakansie gedurende April en Oktober nie sodat die termyne dus redelik lank is. In die meeste van die ander lande bestaan daar ook blykbaar geen behoefte om vakansie gedurende Oktobermaand te hou nie.

In die hartjie van die winter, tydens Kersfees, word daar in lande in die Noordelike halfrond geleë, voorsiening vir 'n vakansie van slegs twee weke gemaak. Hierdie vakansie word waarskynlik meer bepaald gegee omdat dit 'n belangrike feestyd van die jaar is en nie juis omdat dit koud is nie. Ook in Kaapland word 'n vakansie gedurende die winter van twee weke as genoegsaam beskou, terwyl dit in Transvaal minstens uit drie weke bestaan.

In die Noordelike halfrond eindig die skooljaar gewoonlik aan die einde van Junie of begin van Julie waarna 'n lang somervakansie volg wat in die reël aansienlik langer is as die somervakansie in Transvaal.

Die skooljaar in die Noordelike halfrond neem dus orals in die somer 'n aanvang en die hitte gedurende die lang voorafgaande somervakansie word waarskynlik nie as baie gewens vir studie geag nie; die kort wintervakansie daarenteen getuig van 'n waarskynlike mening dat die winter 'n geskikter werktyd as gedurende die somer is. Die vraag ontstaan dus onwillekeurig of daar in Transvaal nie miskien te veel ophef van die koue winters gemaak word nie, terwyl die waarde wat die koue weer vir studie inhou, verontagsaam word.
